

Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 30 Aug 2017
Page: 9

AVE: 22127.47
Circulation: 41700
Part: 1 of 1

# Net terugkyk is verraad teen ons toekoms

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Die fokus op die toekoms staan sentraal in godsdienstige tradisies. In die Christelike tradisie moedig die apostel Paulus ons aan om vooruit te gryp en ons uit te strek na die toekoms (Filippense 3:12-14).

Toekomsgerigtheid is 'n besondere uitdrukking van 'n etiek van verantwoordelikheid, vernuwing, innovering en transformasie.

Daar is verskeie redes waarom ons huiwer om op die toekoms te fokus. In 'n sekere sin sou 'n mens selfs kon sê dat dit verraad teen die toekoms is.

Ons kan so negatief oor ons huidige omstandighede voel dat ons geen toekomsmoontlikhede sien nie. Trouens, die enigste lig wat ons in die tonnel sien, is dié van die aankomende trein.

Ons kan ook die toekoms versaak deur ons romantisering van die verlede en ons geneigdheid tot 'n verkeerde nostalgie wat die verlede as eenduidig goed voorstel. Dié geneigdheid het tot hierdie stelling aanleiding gegee: "The past was not what it has become."

> **Ons versaak ook die toekoms as ons net selfvoldaan spog oor die prestasies van die verlede.**

Ons versaak ook die toekoms as ons net selfvoldaan spog oor die prestasies van die verlede en nie daarop verbeter en bou vir 'n beter toekoms nie.

Die toekoms kom ook in die gedrang as ons die verlede net as sleg voorstel. Dit kan selfs beteken dat ons medemense wat ons in die verlede teleurgestel het, as sleg voorstel.

Ons sukkel dikwels om die goeie punte raak te sien in mense wat ons teleurgestel het. Trouens, ons kan selfs blind wees vir hul bekeringservarings. Die slegte prentjie van die verlede en van medemense kan selfs die moed by ons demp om mense wat ons tevore teleurgestel het te leer vertrou.

Toekomsgerigtheid beteken nie ons moet die verlede vergeet nie. Winston Churchill het dit só verwoord: "The farther back you can look, the farther forward you are likely to see."

'n Konstruktiewe terugkyk help ons om ingelig vorentoe te kyk. Die teoloog Dirkie Smit redeneer dat om by te hou moet ons voortdurend onthou.

Om uit die goeie bronne uit die verlede te drink kan ons help om met blye versekering vorentoe te gaan, te midde van die onsekerheid oor die toekoms, wat soms só verwoord word: "The future is not what it used to be."

Die huidige denkklimaat en lewensgevoel leer dat die enigste ding waaroor jy seker kan wees, onsekerheid is. Onsekerheid oor die hede en nog meer onsekerheid oor die toekoms.

Toekomsgerigtheid vra dat ons die moed en dapperheid ontwikkel om met onsekerheid te leef, dat ons die toekoms tegemoetgaan deur uit die goeie bronne van die verlede te drink, en dat ons groter vlakke van sosiale kohesie bou te midde van ons ryke verskeidenheid, en ten spyte van ons verlede van geskeidenheid.

Sáám vorentoe is die wekroep!

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.